

KINDERKERK LES: Kos goed genoeg vir 'n koning

Doel van les:

- Ons gesels oor Daniël en sy drie vriende wat nie die Koning se kos wou eet nie. Ons leer dat ons altyd die regte ding moet doen, al is dit hoe moeilik.

Ysbreker 1: Proe: Gee vir kinders verskillende groente en vrugte om te proe. Jy kan appel, piesangs, wortels ens. in stukkies opsny.

Vra vir hulle van watter groente of vrugte hulle gehou het, en watter hulle nie graag eet nie? Hoe sou julle voel as dit die enigste kos is wat julle ooit kon eet?

Ysbreker 2: Sorteër: Knip vooraf prentjies van vrugte, groente en 'n bottel water asook ongesonde kossoorte uit tydskrifte en koerante. Maak prente deurmekaar en gee vir elke groepie 'n klomp van die prentjies asook twee papierborde. Elke groep moet nou saam sit en die prentjies sorteër volgens gesonde kos en ongesond kos, en dit pak in die bordjies in hulle groepe.

Vra: Van watter bordjiese kos sal julle graag die meeste wil eet?

Vandag gaan ons gesels oor vier jong seuns wat gekies het om net groente en vrugte te eet al was daar baie ander kos om van te kies. Hulle het die regte ding gedoen al was dit baie moeilik.

Bybelstorie: Daniël en sy vriende in die paleis van koning Nebukadnesar

(Maak vooraf twee plakkate – een wat Israel voorstel en een wat Babel voorstel. Plak plakkate aan teenoorgestelde mure. Begin verhaal vertel by Israel muur).

Koning Nebukadnesar van die land Babel het oorlog gaan maak teen Jerusalem in die land Juda. **Sjoe maar daai koning het 'n lang naam. Kom ons oefen eers bietjie om sy naam te sê. Klap die naam saam met kinders in lettergrepe.** Die Here het koning Nebudnesar se soldate laat wen. Hy het toe baie van die mooi goed wat in die tempel was gevat, en dit in die tempel van sy god gaan bêre. Die Koning het ook 'n klomp mense gevang en saamgeneem na sy land toe. **Kom ons maak of ons gevang is. Ons is hartseer dat ons moet weggaan van ons huis af. Wys vir my hartseer gesiggies.** Babel was ver. **Kom ons stap nou na Babel toe. Laat die kinders opstaan en masjeer op een plek terwyl jy oorstap na die Babel plakkaat toe.** Onder die mense wat weggeneem is Babel toe, was Daniël en sy drie vriende.

Toe hulle in Babel kom, is hulle saam met 'n klompie ander jongmense gekies om in die paleis van die koning te werk. Hulle moes vir drie jaar baie spesiale dinge leer sodat hulle goeie werkers vir die koning kon wees. Die koning het selfs gesê dat hulle dieselfde kos en wyn moes kry wat hulle vir die koning in die paleis gegee het. **Watse soort kos dink julle het die koning geëet?**

Ons weet dat dit lekker kos was, maar daar was 'n groot probleem. Hierdie kos, was kos wat God in die Ou Testament gesê het hulle nie van mag eet nie! **Wat moet hulle dan nou doen? Wat dink julle het hulle toe gedoen?**

Daniël en sy vriende was baie lief vir God en wou eerder na hom luister as na die koning. Daniël het toe vir Aspenas, die hoof oor die koning se werkers in die paleis, gevra om hulle elke dag, net groente en water te gee om te eet. Aspenas was baie bang dat Daniël-hulle swak sou raak van net die groente eet en water drink en dan sou hy in die moeilikheid kom by die koning. Daniël het mooi met hom gepraat en gevra dat hulle dit probeer vir tien dae en kyk hoe hulle dan lyk. Aspenas het toe

ja gesê. **Wat dink julle het toe gebeur? Hoe dink julle het Daniël en sy vriende gelyk van tien dae net groente eet en water drink?**

Raai wat? Na die tien dae het Daniël en sy vriende beter gelyk as al die ander jongmans wat die koning se kos geëet het! Hulle het gedoen wat God wou gehad het, en God het vir hulle gesorg. Van toe af het hulle nooit weer van die koning se kos geëet nie. Hulle het net groente geëet en water gedrink. God het hulle ook slimmer gemaak as al die ander jongmans en Daniël kon ook vir mense vertel wat hulle drome beteken.

Sê: Dit kan soms moeilik wees om die regte ding te doen, maar as ons lief is vir God en Hom gelukkig wil maak, dan moet ons altyd doen wat reg is. Dit kan wees om vriendelik met iemand te wees al is hulle lelik met jou of om jou speelgoed te deel en beurte te maak.

Kan julle dalk vir my nog dinge sê, wanneer dit moeilik is om die regte ding te doen?

Onthou ons kan bid en vir God vra om ons te help om altyd die regte ding te doen soos Daniël en sy drie vriende.

Aktiwiteit: Gee vir elke groep 'n speelgoed of regte groente. Kinders staan in 'n sirkel en gee die groente aan vir die maatjie langsaan terwyl musiek speel. Wanneer die musiek stop, vra jy 'n vragie oor die les, en die kinders met die groente in die hand kry 'n kans om te kyk of hulle die vragie kan antwoord.

Moontlike vrae:

- Wat was die koning se naam? (Nebudkadnesar)
- Waarheen het die koning Daniël en die ander mense gevat wat hy gevang het? (Die land Babel)
- Hoekom wou Daniël en sy vriende nie die koning se kos eet nie? (God het gesê hulle mag nie)
- Watter kos het Daniël en sy vriende toe geëet? (Groente en water)
- Hoe het hulle gelyk na tien dae van net groente eet? (Gesond, beter as die ander wat die koning se kos geëet het)
- Wat het God ook vir Daniël en sy vriende gedoen? (Hy het hulle slimmer gemaak as al die ander jongmans)
- Wat kan jy doen wat reg is, al is dit moeilik?

Sluit af met gebed in groepe.

